

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 28**

**14 Julie 2024**

**Hoe GEESTELIK FIKS is jy?**
**(vervolg)**

**Hoe jy in jou krisis optree, getuig jy praat nie net van God nie, jy kén God.**

**Drie eienskappe wat duidelik deel is van die wil van God vir gelowiges.**
**1.Verbly julle altyd**
**Ons soek 'n rede om ons te verbly en ervaar net sporadiese blydskap wat van omstandighede en ons wispelturige emosionele toestand afhang. Die gelowiges het verstaan die rede vir blydskap is nooit te vinde in hierdie lewe of in hulle omstandighede nie, maar da tons hoop in Christus lê en ons lewe in Hom is. Hulle het verstaan dat hulle in hierdie lewe niks het nie. Ons glo nog heimlik da tons in hierdie lewe baie het! Petrus sê die gelowiges is bywoners en vreemdelinge. Niemand wil so voel nie! Die gelowiges het geleer om hul blydskap in Christus te vind wat hulle verlossing is, al was party van hulle slawe! Dit is alles lifelike retoriek totdat jý jou daar bevind. As jy dink jou vrede en veiligheid lê in jou veilige woning of in jou neseier, hang jy aan 'n draadjie wat geknip kan word. Die geheim is dat dit iets is waarin jy jou moet oefen. In die begin kry jy dit dalk nie so goed reg nie, maar hoe meer jy oefen, hoe fikser raak jy om jouself deurentyd te herinner dat jou verlossing en vreugde in Jesus is. Ons blydskap lê in Jesus wat ons uiteindelik hiervan sal verlos – wat ookal "hiervan" is. Atlete oefen hard, maar ons oefen nie. Ons vind ons vreugde in allerhande ander dinge en weet nie wat dit is om ons siele te oefen nie en dan tref dit krisis ons…**
**2. Moenie ophou bid nie**
**Bid altyddeur, bly gedurig in kontak met God. Het jy dit al geoefen? Dit is hoe jy geestelik groei. Gebed is om deurentyd met Jesus te praat en te vra:"Wat wil U hê, waar is U in hierdie situasie?" Dit is iets wat jy oefen terwyl jy kuier of 'n kliënt help, selfs as jou motor gestamp is. Dit gaan deurlopend aan; jy oefen jou siel, want dit is nie gewoond daaraan nie. As ons nie konstant in kontak met Hom bly nie, is daar een ding wat gaan uitklim – die vlees!**
**Praktiese uitlewing van jou dissipelskap, dit is wat dit behels om 'n dissipel te wees. God is nie beïn-Druk met wat jy weet nie, maar met wat jy dóén. God se wil is iets wat ek hoor én toepas. Vergifnis is 'n goeie voorbeeld – jy moet dit oefen.**
**3. Wees in alles dankbaar**
**Hoe is ek dankbaar "in alles"? Wanneer ek geoefen is in die wete dat God in beheer is ongeag wat. Ek is nie dankbaar oor my omstandighede nie, maar oor die werklikheid van wie Jesus is. As Hy nie vir jou 'n werklikheid is nie, is hierdie oefening vir jou onmoontlik.**
**Hoe lyk die dissipel van Jesus?**
**Wees in alles dankbaar, wees altyddeur bly en hou altyd kontak met God. Ons kan nie bekostig om dit net te lees e naan te gaan nie. God sê:"Hier is My wil, doen dit." As jy nie verstaan nie, laat Hy jou leer – in die praktyk van die lewe. In die krisisse leer Jesus jou om Hom raak te sien as die Verlosser en jou vreugde daarin te vind – al is die omstandighede oorweldigend. Wanneer jy dit doen, raak jy nie net geestelik fiks nie, maar leer jy God ken. En mense kan dit sien. Hoe jy in jou krisis optree, sê vir hulle jy praat nie net van God nie, maar jy kén God. – Riekert Botha.**

**Dankie!**

- **Vir Jesus! Dat álles ín Hom te vinde is!**
- **Vir dit wat Jesus deur Sy offer aan die  Kruis vir ons kom doen en gee het!**
- **Vir die hulp en leiding van die Heilige Gees!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Vir die kinders wat weer terugkeer skole toe.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Frelma Prinsloo
- Ivan Garacki
- Ansie Harrison

Marthie Jooste
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Tannie Bets Coetzee
Allison Vorster
Jaap Naudé
Willie Viljoen
Adolf Wolmarans
Jurie Matthee
Adri Botha

## Gedagte vir die week

**God is nie beïndruk met wat jy weet nie, maar met wat jy dóén.**

## Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org